# Hoekom stroom ons die Eredienste?

Hoofsaaklik vir twee groepe:

1. Gemeentelede wat vir een of ander ***geldige*** rede nie die eredienste kan bywoon nie.
2. Familie of vriende wat elders woon.

## Agtergrond inligting.

Die stroom van dienste het tydens Covid begin. Na die epidemie het die Kerkraad besluit om aan te hou om die Dienste te stroom. Die primêre motivering was dat daar 'n beduidende getal lidmate was wat graag die Eredienste wou bywoon maar, veral a.g.v. gesondheidsprobleme, dit nie kon doen nie. Daarom is daar besluit om soveel as moontlik van 'n 'in-die-kerk'-ervaring met die stroom te skep om dié kykers so ietsie van die koinonia van die Omgeegemeente te laat beleef. Dit was dan ook vir hierdie lidmate, vir wie die kamera-skoot van die lidmate wat mekaar hartlik groet, dat dit geweldig baie beteken het.

YouTube verskaf in groot detail die gegewens van persone/toestelle wat na beide die 'lewendige'-stroom sowel as die opnames kyk. Die statistiek is o.a. ouderdom, geslag en geografiese gebied. Enkele gegewens wys dat naas die Wes-Kaap is die tweede grootste getal kykers in Gauteng. Daar word o.a. in Namibië, Kanada, VSA, Brittanje, Duitsland, Nederland, China, Australië en Nieu-Seeland gekyk. Verskeie lidmate kyk na die opname terwyl hul kinders en kleinkinders op dieselfde tyd iewers in die buiteland kyk. Hul ondervind dat dit bydra tot die behoud van die familiebande. Met die verslegtende veiligheidsituasie op plase kan verskeie boere nie meer op Sondag kerk toe gaan nie omdat hul met hul terugkeer 'n teiken vir aanvalle is, omdat hul bewegings voorspelbaar is en veediefstalle op Sondae toeneem. Daar is dus 'n stygende getal plattelandse kykers, wie se eie gemeente nie Dienste stroom nie, wat inskakel.

'n Nuwe ontwikkeling is dat YouTube nou outomaties KI ('AI') gegenereerde Afrikaanse onderskrifte, tydens die kyk van die opnames, verskaf. Vir gehoorgestremde persone, en ook bv. persone wat 'n kamer in 'n siekeboeg met ander persone moet deel, is dit 'n hulpmiddel van bykans onskatbare waarde. (Sien onder vir meer inligting)

## 'n Paar statistieke

- In 2025 het daar 19314 toestelle op YouTube na 'lewendige' stroom of opnames gekyk. Hiervan was 1209 persone wat 'toevallig' by die opnames uitgekom het.
- Ongeveer 92% van die kykers is ouer as 65 jaar.
- Ongeveer 78 % van die kykers woon in Suid-Afrika, 3% in die Verenigde Koninkryk en 1% in Namibië.
- Van die Suid-Afrikaanse kykers is ongeveer 80% in die Wes-Kaap en 'n hele 8% in Pretoria.

Sien gerus ook die aparte dokument (vir persone wat minder tegnologies vaardig is):

**Wenke oor die gebruik van selfone en tablette mbt gestroomde dienste, die webwerf, ens.**